Swartland High School

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
PO Box 253, Malmesbury, 7299

Hoërskool Swartland Beheerliggaam Rookbeleid

Opgestel deur Beheerliggaam

---------- ----------

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: ----------

Swartland High School

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
PO Box 253, Malmesbury, 7299

ROOKBELEID

1. Inleiding

Die rookbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; en die toepaslike bepalings van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 83 van 1993, soos gewysig deur die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 23 van 2007 (hierna 'die Tabakwet').

Die doel van die rookbeleid is om 'n aangename en gesonde omgewing vir sowel rokers as nie-rokers te skep, en om tabakgebruik onder veral jongmense te verminder en te beheer.

2. Beleid

2.1 Die hele skoolterrein, behalwe die aangewese rookgebiede, word tot rookvrye gebied verklaar, wat enige gang, voorportaal, trappe, hysbak, kafeteria, toilette of ander gemeenskaplike gebied insluit wat die werknemers en/of leerders gereeld gebruik.

2.2 Geen leerder mag op die skoolterrein of in skooldrag weg van die skoolterrein rook nie.

2.3 Werknemers en besoekers mag slegs in die aangewese rookgebiede rook, en slegs indien dit nie met hulle werkprestasie of met die leerders se opvoeding of gesondheid inmeng nie. Volwassenes mag nie in die teenwoordigheid van leerders op die skoolterrein rook nie.

2.4 Rook is verbode in enige voertuig wat aan die skoal behoort of waarin werknemers en/of leerders vervoer word.

3. Toepassing

3.1 Dit is hoofsaaklik die skoolhoof se verantwoordelikheid om hierdie beleid met die hulp van die departementshoofde toe te pas, en toe te sien dat die skoal se werknemers, leerders en besoekers dit streng nakom.

3.2 Alie skoolwerknemers, leerders en besoekers sal saamwerk om die beleid toe te pas.

3.3 Die aangewese rookgebiede moet aan die standaarde in die Regulasies (29 September 2000) van die Tabakwet voldoen. As verteenwoordiger van die Departement van Onderwys is dit die skoolhoof se plig om toe te sien dat gebiede in pas is met die voorskrifte; dat werknemers en besoekers slegs in hierdie afgebakende

gebiede rook, en dat geen leerder onder die ouderdom van 18 jaar sodanige gebiede betree nie.

3.4 Die skoolhoof moet toesien dat:

- werknemers sonder vrees vir vergelding kan beswaar aanteken teen rook in die werkplek wat in stryd is met hierdie beleid of die Tabakwet.
- daar gehoor gegee word aan werknemers wat nie in die werkplek aan tabakrook blootgestel wil word nie; asook dat geen werknemer, hetsy met ‘n permanente of ‘n tydelike diensvoorwaarde, verplig word om in ‘n gedeelte van die werkplek te werk waar rook toegelaat word nie;
- geen werknemer verplig word om ‘n vrywaring te onderteken teen werk in ‘n gedeelte van die werkplek waar rook toegelaat word nie;
- Nie-rook en rookgebiede met duidelike sigbare tekens aangedui word.

4. Algemeen

4.1 Werknemers of leerders se versuim om hierdie beleid na te kom, sal tot dissiplinêre stappe teen die oortreder aanleiding gee. In die geval van nie-nakoming deur besoekers, kan hulle vriende!ik versoek word om die skoolterrein te verlaat, of toegang tot die skoolterrein geweier word.

4.2 Enige optrede in stryd met die Tabakwet is strafbaar ooreenkomstig die bepalings van die Wet.

4.3 Afskrifte van hierdie beleidsdokument moet aan a!le werknemers van die skool voorsien word.

4.4 'n Afskrif van hierdie dokument moet op alle kennisgewingborde van die skool aangebring word, sowel as in koshuise en op eiendom wat die skool beheer.

4.5 Toepaslike kennisgewings moet ingevolge die Tabakwet in alle gebiede aangebring word waar hierdie beleid geld.

Swartland High School

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
PO Box 253, Malmesbury, 7299

Beleidswysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG

VAN _____ .

_____ _____

Beheerliggaamvoorsitter Skoolhoof